

DIE KLAAGLIEDERE

VAN JEREMIA

Inleiding

Die boek *Klaagliedere* handel oor die lyding van die volk Israel gedurende die tyd toe die Babiloniërs, onder Nebukadnesar, die stad Jerusalem beset het. Alhoewel daar verskille bestaan oor die presiese tyd van die ontstaan van die teks, wil dit lyk asof die skrywer(s) baie na aan die gebeure moes gewees het, en dit selfs persoonlik kon ervaar het. Die eerlikheid en lewensgetrouheid wat uit die teks spreek, getuig hiervan. 'n Datum in die vroeë ballingskap, tussen 585 en 550 vC, lyk waarskynlik maar nie noodwendig nie.

Die tradisionele opvatting was dat Jeremia die skrywer van die boek *Klaagliedere* was, op grond van 'n verwysing in die boek *2 Kronieke* (35:25) na Jeremia wat klaagliedere oor koning Josia geskryf het. Die opvatting is egter later teengestaan deur verskeie geleerdes. Die veiligste weg is om sê dat die skrywer(s) anoniem is, veral aangesien die Hebreeuse Bybel nie die boek aan Jeremia toeskryf nie. Die boek is bes moontlik deur iemand uit die kring van die profete geskryf.

Die teks verbeeld die situasie van mense beleër deur 'n vyand en vir wie dit nie moontlik was om die stad te verlaat vir die verkryging van daaglikse lewensbehoefte, insluitend kos en water, nie. Dit lyk waarskynlik dat die lesers ook ballinge kon gewees het. Die skrywer(s) het wel die beleëringsituasie geken — vandaar die lewensgetroue beskrywing daarvan.

Die geskiedenis van die beleëring van Jerusalem word meedoënloos eerlik geskets. Dit geskied in poëtiese vorm, meer bepaald in die akrostiese vorm. In akrostiese tekste begin elke vers of elke reël met 'n opeenvolgende letter van die alfabet. Die akrostiese beginsel is moeilik vertaalbaar, aangesien dit 'n kunsmatige ingryp is op die taal in die oorspronklike teks, en net so ook op die vertaalde teks. In die bronteks verteenwoordig dit 'n spel met die taal, veral in die derde hoofstuk, waar elke reël van 'n eenheid met dieselfde letter begin. Vertalings probeer om iets van die akrostiese beginsels weer te gee, maar dit is moeilik om dit vol te hou. Aangesien poësie figuurlike taal is, kan 'n teks soos *Klaagliedere* nie 'n presiese weergawe van die werklikheid wees nie. Die wreedheid in hoofstukke 2 en 4, waar vertel word dat moeders hulle kinders kook en eet, mag realisties klink, maar dit is bes moontlik 'n beeld vir die reddeloosheid van die situasie.

Die doel van die boek is nie net om te weeklaag nie, maar om God te versoek om sy volk onder sy sorg te neem en hulle aan Hom getrou te maak. Om hierdie rede is die laaste hoofstuk 'n gebed, en vanweë die vrye aard van die gebed, nie in 'n akrostiese vorm geskryf nie.

Klaagliedere bestaan uit 5 hoofstukke, wat oor die algemeen as klaagliedere beskou word. Vier hoofstukke is sogenaamde volksklaagliedere of groepsklaagliedere, terwyl die middelste, derde hoofstuk 'n individuele klaaglied is waar die klag deur 'n enkele persoon verwoord word.

1:1-22 Eerste treurlied: Die verlate stad

2:1-22 Tweede treurlied: Wat die Here gedoen het

3:1-66 Derde treurlied: Wanhoop en hoop

4:1-22 Vierde treurlied: Sion se skuld en ondergang

5:1-22 Vyfde treurlied: Gebed om mededoë

1

Eerste treurlied: Die verlate stad

⌘ *ALEF*^a

¹ Ag, hoe verlate lê die stad
wat vol mense was.
Sy het soos 'n weduwee geword,^{*}
sy wat magtig was onder die nasies.^{*}
Die prinses onder die provinsies,
verrig dwangarbeid.

⌘ *BET*

² *Bedroef huil sy snags,
die trane stroom oor haar wange.
Daar is niemand onder haar geliefdes
wat haar troos nie.
Al haar vriende het haar verraai
en haar vyande geword.

⌘ *GIMEL*

³ *Gebuk onder lyding
en geweldige onderdrukking,
het Juda in ballingskap gegaan.
Sy bevind haar onder die nasies;
sy vind geen rus nie.

^a**1:0 ALEF:** Elke vers in Klaagl 1, 2 en 4 begin met 'n opeenvolgende letter van die Hebreeuse alfabet. In Klaagl 3 begin groepe van 3 verse met 'n opeenvolgende letter van die Hebreeuse alfabet, terwyl Klaagl 5 nie hierdie patroon volg nie.

^{*}**1:1 Ag ... geword:** Jes 3:26; 47:9; 54:4; Jer 15:8; Klaagl 2:2; 4:1; Bar 4:12

^{*}**1:1 sy wat ... nasies:** 1 Kon 4:21; Esra 4:20

^{*}**1:2** Ps 6:7; 77:3-8; Jer 3:1; 30:4; 22:20-22; Klaagl 2:18

^{*}**1:3** Deut 28:64-67; Ps 137:1-3; Jer 13:19

Almal wat haar agtervolg, het haar
in haar benoudheid ingehaal.

7 *DALET*

⁴* Die paaie na Sion treur,
want niemand reis
na haar feeste toe nie;
al haar poorte is verlate,
haar priesters sug.
Haar jong meisies is bedroef,
en self het sy dit bitter.

7 *HE*

⁵* Haar teenstanders
het die oorhand gekry;
haar vyande lewe rustig,
want die HERE het haar laat ly,
omdat sy soveel keer oortree het.
Haar kinders moes as ballinge
voor teenstanders uit loop.

7 *WAW*

⁶* Weg is al die luister
van die dogter van Sion.^b
Haar leiers het soos rooitakbokke
sonder weiding geword,
kragteloos het hulle
voor hulle agtervolgers uit gevlug.

* **1:4** Jes 3:26; Jer 9:11; 10:22; 14:2; Joël 1:9

* **1:5** Deut 28:13,25,44; Jer 30:14-15; 52:28-30; Klaagl 2:17

* **1:6** Jer 25:36; 39:4-7; Eseg 16:14; Sag 11:3

^b**1:6 dogter van Sion:** In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

7 ZAJIN

⁷* In die tye van nood en omswerwinge
onthou Jerusalem alles
wat vir haar kosbaar was in die
verlede.

Toe haar volk in die hand
van teenstanders val,
was daar vir haar geen helper nie.
Die teenstanders het na haar gekyk,
oor haar ondergang gelag.

7 GET

⁸* Groot is die sonde van Jerusalem;
daarom het sy onrein^c geword.
Almal wat haar geëer het, verag haar,
omdat hulle haar naaktheid gesien het.
En sy, sy kreun en draai weg.

7 TET

⁹* Tot aan haar klere
kleef haar onreinheid.
Sy het nie gedink aan wat van haar
sou word nie.
Haar ondergang was verskriklik;
daar is niemand wat haar troos nie.
HERE, kyk tog na my nood,
want die vyand is vermetel.

*1:7 Ps 79:4; Jer 48:27; Ob 11-14

*1:8 Jes 47:3; Jer 13:22; Eseg 16:37; Nah 3:5

^c1:8 **onrein:** Kan ook vertaal word “voorwerp van bespotting”.

*1:9 Jes 47:7; Jer 2:34; Eseg 24:13; Sef 2:10

› *JOD*

¹⁰ *Teenstanders het alles
wat vir haar kosbaar was, ingepalm;
ja, sy moes toekyk hoe die nasies
haar heiligdom betree,
hulle vir wie U belet het
om in u gewyde vergadering te kom.

› *KAF*

¹¹ **Kreunend soek haar hele volk na kos.
Om te oorleef, het hulle
hulle kleinode verruil vir iets om te eet.
Kyk tog, HERE, sien raak
hoe ek verag word.

› *LAMED*

¹² *Laat dit julle koud,
julle almal wat met die pad verbygaan?
Sien dit tog raak en kyk!
Is daar nog smart soos die smart
wat Hy my aangedoen het,
wat die HERE my op die dag
van sy groot woede laat ly het?

› *MEM*

¹³ *Met vuur uit die hoogte
het Hy my gebeente oorweldig.

*1:10 2 Kon 24:13; Jer 51:51; Eseg 44:7-9; vgl Hand 21:28

*1:11-13 Jes 51:19-20

*1:11 Jer 38:9; 52:6

*1:12 Jer 22:8; Dan 9:12

*1:13 Jer 17:4; Eseg 12:13; 20:47-48; Hos 8:14

Hy het 'n vangnet vir my voete gespan,
my laat terugsteier.

Hy het my aan verlatenheid oorgelewer;
heeldag voel ek swak.

י *NUN*

¹⁴ *Die juk van my oortredings is swaar,^d
dit is vasgemaak deur sy hand;
dit druk op my nek.
Hy het my kragte laat ingee;
my Heer het my oorgegee in die hande
van diegene teen wie
ek geen weerstand kan bied nie.

ו *SAMEK*

¹⁵ *My Heer het al my sterk manne
binne-in my byeen gejaag —
Hy het 'n feestyd oor my uitgeroep
vir die slagting van my jong soldate.
My Heer het die jongmeisie,
die dogter van Juda,
in die parskuip vertrap.

י *AJIN*

¹⁶ *Aanhoudend huil ek hieroor,
my oë stroom van trane,
want die trooster wat my kon opbeur,
is ver van my af.

* **1:14** Deut 28:48; Jer 27:8; 28:13-14

^d **1:14 Die ... swaar:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

* **1:15** Jes 63:2-3; Jer 18:21; Joël 3:13; Op 14:20; 19:15

* **1:16** Jer 13:17; Klaagl 3:48-49

My kinders is verpletter,
want die vyand het die oorhand verkry.

▷ *PE*

¹⁷ ** Sion strek haar hande uit,
maar daar is niemand om haar te troos nie.
Die HERE het almal om Jakob
teen hom opgeroep as sy teenstanders.
Jerusalem het tussen hulle
'n onrein vrou geword.

⋈ *TSADE*

¹⁸ * Regverdig is die HERE.
Ja, ek het teen sy woord gerebelleer.
Luister tog, alle volke,
en sien my smart raak;
my jong vroue en jong manne
het in ballingskap gegaan.

⋈ *KOF*

¹⁹ * Ek het geroep na dié wat my liefhet,
maar hulle het my in die steek gelaat.
My priesters en oudstes^e
het in die stad omgekom
toe hulle na kos gesoek het
om te oorleef.

* **1:17-19** Jes 51:19-20

* **1:17** 2 Kon 24:2; Jer 4:31; Klaagl 1:2

* **1:18** Deut 28:41; Neh 9:33; Jer 4:17; Klaagl 1:5

* **1:19** Jes 43:28; Jer 14:15; Klaagl 1:2,11

^e**1:19 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

7 *RESJ*

²⁰ *Kyk, ek is benoud, HERE,
my ingewande gloei.
In my krimp my hart ineen,
want ek was baie opstandig.
Buite maai die swaard af,
en in die huis is dit soos die dood.

8 *SJIN*

²¹ *Hulle hoor dat ek kreun,
maar niemand troos my nie.
Al my vyande hoor van my ramspoed;
hulle juig omdat U dit veroorsaak het.
Laat kom die dag wat U bepaal het,
sodat dit met hulle kan gaan
soos met my.

9 *TAW*

²² *Laat al hulle boosheid voor U kom,
en doen aan hulle
wat U aan my gedoen het
oor al my oortredings.
Ja, ek sug baie en my hart is ontsteld.

*1:20 Deut 32:25; Job 30:27; Jes 16:11; Jer 4:19; Eseg 7:15

*1:21 Jer 30:16; 48:44; Klaagl 4:21; Am 5:18; Miga 7:8-13; Sag 14:1-9

*1:22 Neh 4:4-5; Ps 109:14-15; 137:7-8; Jer 51:35

2

Tweede treurlied: Wat die HERE gedoen het

⌘ *ALEF*

¹ * Ag, hoe het my Heer in sy toorn
die dogter van Sion^f met wolke bedek.
Hy het vanuit die hemel
die sieraad van Israel
op die aarde neergewerp.
Hy het op die dag van sy woede
nie eers die voetbank van sy voete^g
ontsien nie.

⌘ *BET*

² * Genadeloos het my Heer
al die nedersettings van Jakob
verswelg.
In sy woede het Hy die vestingstede
van die dogter van Juda afgebreek,
hulle met die grond gelyk gemaak.
Hy het die koninkryk en haar leiers onteer.

⌘ *GIMEL*

³ * In sy vurige toorn
het Hy die mag^h van Israel

*2:1 2 Sam 1:19; Klaagl 3:44; Sef 2:2-3

^f2:1 **dogter van Sion:** In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

^g2:1 **voetbank ... voete:** Dit dui op die onderwerping van die vyand.

*2:2 Deut 28:52; Ps 74:7; 89:40-41; Jes 43:28; Klaagl 3:43

*2:3 Ps 74:11; Jer 21:4-5; Klaagl 4:11

^h2:3 **mag:** Die •bronteks lui “horing”, dit is 'n simbool van krag.

volledig gebreek.

Hy het sy regterhandⁱ daarvan weerhou
om die vyande te keer,
en in Jakob het Hy
soos 'n vlammeende vuur gebrand
wat alles rondom hom verteer.

7 *DALET*

⁴ *Hy het sy boog soos 'n vyand gespan,
met 'n ferm regterhand —
Hy het soos 'n teenstander
almal wat kosbaar was,
om die lewe gebring.
In die tent van die dogter van Sion
het Hy sy wrewel soos 'n vuur
uitgestort.

7 *HE*

⁵ *My Heer het soos 'n vyand geword;
Hy het Israel verswelg.
Hy het al haar paleise verswelg
en haar vestingstede vernietig.
Hy het verdriet en droefheid
by die dogter van Juda laat toeneem.

ⁱ**2:3 regterhand:** Omdat die regterhand gewoonlik die sterker hand is, is dit dikwels 'n uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here; vgl Eks 15:6,12.

***2:4** Ps 7:12; Jes 63:10; Jer 21:5-6; Klaagl 3:12

***2:5** Jes 29:2

7 WAW

⁶*Hy het sy woonplek^j afgebreek
soos 'n skuiling in 'n tuin;
sy ontmoetingsplek het Hy vernietig.
Die HERE het fees en Sabbat
in Sion vergete laat raak;
in sy oorweldigende woede
het Hy koning en priester geminag.

7 ZAJIN

⁷*My Heer het sy altaar verwerp;
sy heiligdom het Hy verstoot;
Hy het die mure van sy paleise
in die hand van 'n vyand oorgelewer.
Hulle het in die huis van die HERE gejuig
soos op 'n feesdag.

7 GET

⁸*Die HERE het beplan
om die dogter van Sion se mure
te vernietig.
Hy het 'n maatlyn gespan,
sy hand nie van verdelging
weerhou nie;
Hy het skans en stadsmuur laat weeklaag —
saam stort hulle ineen.

*2:6 2 Kron 36:19; Jes 1:13; 43:28; Jer 7:14; 52:13; Klaagl 1:4

^j2:6 **woonplek:** Letterlik 'hut'.

*2:7 Ps 74:3-4; 78:59-61; Jes 64:11; Jer 33:4-5; Eseg 24:21

*2:8 2 Kon 21:13; Jes 34:11; Jer 5:10; 52:14; Am 7:7-9

∪ *TET*

⁹* Haar stadspoorte
het in die grond weggesak;
Hy het hulle sluitbalke
stukkend gebreek.
Haar koning en haar leiers
leef sonder leiding onder die nasies;
selfs haar profete
ontvang nie 'n visioen van die HERE nie.

∪ *JOD*

¹⁰* Swyend sit die oudstes^k
van die dogter van Sion op die grond.
Hulle het stof op hulle koppe gestrooi,
en rouklere^l aangetrek.
Die jong vroue van Jerusalem
het hulle koppe
na die aarde af gebuig.

∪ *KAF*

¹¹* My oë is verblind deur trane;
my ingewande gloei.
My hart is stukkend^m

***2:9** Deut 28:36; Neh 1:3; 2 Kron 15:3; Ps 74:9; Jes 43:28; Eseg 7:26; Hos 3:4

***2:10** Jos 7:6; Job 2:12-13; Jer 6:26; Eseg 27:30

^k**2:10 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^l**2:10 stof ... rouklere:** As teken van rou, het hulle growwe klere van bokhare aangetrek en stof op hulle koppe gestrooi.

***2:11** Ps 6:7; Jes 22:4; Jer 44:7; Klaagl 3:48-51

^m**2:11 My hart is stukkend:** Die bronteks lui “my lewer is op die grond uitgestort”. Die lewer is geassosieer met emosies.

oor die ineenstorting
van die dogter van my volk,
want kinders en babas
kwyn weg op die dorpspleine.

↳ *LAMED*

¹² *Hulle vra vir hulle ma's,
“Waar is die koring en wyn?”,
terwyl hulle soos gewondes
wegkwyn op die stadspleine,
die lewe uit hulle uitvloei
in hulle ma's se arms.

↳ *MEM*

¹³ *Wat kan ek vir jou
as voorbeeld voorhou,
waarmee kan ek jou vergelyk,
dogter van Jerusalem?
Wat kan ek aan jou gelykstel,
sodat ek jou kan vertroos,
jong meisie, dogter van Sion?
Waarlik, so wyd soos die see
is die breuk in jou.
Wie kan jou genees?

↳ *NUN*

¹⁴ *Jou profete se visioene
is vir jou nutteloos en niksseggend.
Hulle het nie jou skuld ontbloot

*2:12 Deut 28:51; Klaagl 1:11

*2:13 Jer 8:22; 30:12; Klaagl 1:12; Nah 3:19

*2:14 Jer 5:31; 23:9-40; 29:8-9; Eseg 13:2-16; 22:25,28

om jou ballingskap te verhoed nie.
Die visioene wat hulle
aan jou oorgedra het,
was nutteloos en misleidend.

o *SAMEK*

¹⁵ * Almal wat hier verbyreis,
slaan hulle hande oor jou saam;
hulle fluit en skud hulle koppeⁿ
oor die dogter van Jerusalem:
“Is dit nou die stad
wat mense volmaak mooi noem,
'n vreugde vir die hele aarde?”

o *PE*

¹⁶ * Al jou vyande rek hulle monde oor jou;
hulle fluit en kners hulle tande,
en sê: “Ons het uitgedelg!
Waarlik, dit is die dag
waarop ons gewag het —
ons het dit bereik, ons het dit gesien.”

y *AJIN*

¹⁷ * Die HERE het gedoen
wat Hy Hom voorgeneem het;
Hy het sy woord vervul
wat Hy reeds lank gelede bepaal het:

***2:15** 1 Kon 9:8; Ps 22:7; Jes 37:22; Jer 18:16; 19:8; Eseg 16:14; Matt 27:39
ⁿ**2:15 skud ... koppe:** Matt 27:39; Mark 15:29 verwys na Klaagl 2:15 as
heenwysing na Jesus Christus.

***2:16** Job 16:10; Ps 35:21; Klaagl 3:46; Am 5:18

***2:17** Lev 26:16; Deut 28:5; Eseg 7:8-9

Hy het genadeloos uitgeroei
en vyande oor jou laat seëvier,
jou teenstanders die mag
laat verkry.^o

⌘ *TSADE*

¹⁸ *Hulle harte het geroep na my Heer.
Muur van die dogter van Sion,
laat jou trane dag en nag
soos 'n rivier stroom;
gun jouself geen rus nie,
laat jou oë nie tot rus kom nie.

⌘ *KOF*

¹⁹ *Staan op, roep in die nag
as die nagwaak^p begin.
Stort jou hart soos water
voor my Heer uit.
Lig jou hande op na Hom
ter wille van die lewe van jou kinders
wat van honger
op elke straathoek wegkwyn.

⌘ *RESJ*

²⁰ *Kyk, HERE, en sien tog raak
aan wie U dit gedoen het!

^o**2:17** jou teenstanders ... verkry: Letterlik 'Hy het die horing van jou teenstanders hoog gemaak'.

***2:18** Ps 119:136; Jer 14:17; Klaagl 1:2; 3:49

***2:19** Ps 42:4-5; 62:9; Jes 26:9

^p**2:19** nagwaak: •Tydsindeling.

***2:20** Lev 27:29; Deut 28:53-57; Jer 19:9; 23:11-12; Klaagl 4:10; Bar 2:3

Moet vroue dan hulle vrug,
gesonde kinders, eet?
Moet priester en profeet dan
in die heiligdom van my Heer
doodgemaak word?

⚔ *SJIN*

²¹ * Oud en jonk lê op die grond
in die strate;
my jong vroue en my jong manne
het deur die swaard geval.
U het hulle op die dag van u toorn
doodgemaak;
U het hulle genadeloos geslag.

⚔ *TAW*

²² * Van oraloor het U dié
wat my bedreig,^q
bymeakaargeroep soos op 'n feesdag;
en op die dag van die HERE se toorn
het niemand ontsnap of ontkom nie.
My vyand het dié wat ek voortgebring
en grootgemaak het, uitgewis.

*2:21 2 Kron 36:17; Jer 6:11

*2:22 Ps 31:14; Jer 11:11; 20:10; Am 2:14

^q2:22 **bedreig**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

3

Derde treurlied: Wanhoop en hoop

⌘ *ALEF*

¹ *Ek is die man wat ellende beleef het
deur die slae van die Here se woede.

² *Hy het my gedryf,
my in die donker laat loop, sonder lig.

³ *Ja, Hy het sy hand teen my gelig,
telkens weer, die hele dag.

⌘ *BET*

⁴ *Hy het my vleis en vel verteer,
my bene gebreek.

⁵ *Hy het my beleër,
my omring met bitterheid en moeite.

⁶ *Hy het my in donker plekke laat bly
soos dié wat lankal dood is.

⌘ *GIMEL*

⁷ *Hy het 'n muur rondom my gebou,
uitkom kan ek nie;
Hy het my bronsboeie swaar gemaak.

*3:1 Job 19:21; Jer 20:18

*3:2 Job 19:8; Jes 59:9; vgl Joh 8:12

*3:3 Ps 38:2; Jes 5:25

*3:4 Job 30:30; Ps 38:3-9; 102:4-6; Jes 38:13

*3:5 Job 19:8; Jer 23:15

*3:6 Ps 88:4-7; 143:3

*3:7 Job 19:8; vgl Job 3:23

⁸ *Selfs al skree ek en roep om hulp,
sluit Hy Hom af vir my gebed.

⁹ Met gekapte klip het Hy my pad
toegebou,

Hy het my paaie laat kronkel.

7 DALET

¹⁰ *Hy is 'n beer wat my voorlê,
'n leeu in skuilplekke.

¹¹ Hy het my paaie verlê, my braak laat lê,
my 'n woesteny gemaak.

¹² *Hy het sy boog gespan,
my as teiken opgestel vir die pyl.

7 HE

¹³ *Die pyle uit sy koker
het Hy in my niere^f
laat indring.

¹⁴ *Ek word uitgelag deur al my mense;
hulle spotlied klink heeldag op.

¹⁵ ^s*Met bitter kruie het Hy my versadig,
my in oormaat wildeals laat drink.

***3:8** Job 30:20; Ps 22:2-3

***3:10** Job 10:16; Hos 13:7-8

***3:12** Job 16:12; Ps 7:12-13; 38:2; Klaagl 2:4

***3:13** Job 6:4; 16:13

^f**3:13 niere:** Die niere is beskou as setel van die emosies; vgl Job 16:13; Ps 73:21.

***3:14** Deut 28:37; Job 30:9; Ps 69:11-12; Jer 20:7

^s**3:15** Hand 8:23 verwys na Klaagl 3:15 •Septuagint as heenwysing na Jesus Christus.

***3:15** Jes 51:17; Jer 9:15; 23:15

7 WAW

¹⁶ *Hy het my tande op gruis laat afslyt;

Hy het my in die as vertrap.

¹⁷ Vrede is my ontnem,

die goeie het ek vergeet.

¹⁸ *Ek het gesê: My toekoms

en my hoop op die HERE het verdwyn.

7 ZAJIN

¹⁹ Dink aan my nood

en my swerwersbestaan,

aan die wildeals en gif.

²⁰ *Wanneer ek diep daarvoor nadink,

raak ek terneergedruk.

²¹ *Dit roep ek in herinnering,^t

daarom het ek hoop:

7 GET

²² *Die troue liefde van die HERE

vergaan nie,

want sy ontferming ken geen einde nie.

²³ *Dit is elke oggend weer nuut —

groot is u getrouheid.

*3:16 Spr 20:17

*3:18 Job 17:15

*3:20 Job 21:6; Ps 42:5-6,11

*3:21-23 Neh 9:17; Ps 78:38-39; 103:8-10; Miga 7:19

^t3:21 Dit ... herinnering: Die •bronteks lui “dit laat ek terugkeer na my hart”, die hart is gesien as die setel van die denke.

*3:22 Mal 3:6

*3:23 Jes 33:2; Sef 3:5

²⁴ *My erfdeel is die HERE, sê ek;
daarom hoop ek op Hom.

∪ *TET*

²⁵ *Goed is die HERE
vir hulle wat op Hom wag,
vir die mens wat na Hom soek.

²⁶ *Goed is dit om stil te hoop
op die verlossing van die HERE.

²⁷ *Goed is dit vir 'n jong man
om 'n juk in sy jeug te dra.

∪ *JOD*

²⁸ *Hy moet alleen sit in stilte,
want die HERE het dit op hom gelê.

²⁹ *Hy moet maar sy gesig in die stof hou;
miskien is daar hoop.

³⁰ *Hy moet sy wang draai
na dié wat hom slaan;
laat hy versadig word van skande.

∪ *KAF*

³¹ *My Heer verwerp beslis nie
die mens vir ewig nie;

***3:24** Ps 16:5; 62:6; 73:26

***3:25** Ps 130:6; 40:2; Jes 25:9; 30:18

***3:26** Ps 37:7; 40:1; Jes 30:18; Hab 2:3

***3:27** Pred 12:1; Matt 11:29

***3:28** Jer 15:17

***3:29** Jos 7:6

***3:30** Jes 50:6; Matt 5:39

***3:31-33** Ps 94:14; Jes 54:7-9; 57:16; Miga 7:18

³² * maar as Hy iemand bedroef het,
ontferm Hy Hom met die volle omvang
van sy troue liefde.

³³ Hy verdruk en bedroef mensekinders
teen sy sin.

↳ *LAMED*

³⁴ * Dat al die gevangenes van die aarde
vertrap word;

³⁵ dat die reg van 'n mens
voor die Allerhoogste geskend word;

³⁶ dat enige mens se regspraak verydel word —
sien my Heer dit nie?

↳ *MEM*

³⁷ * Wie sê iets en dit gebeur
as my Heer dit nie gebied het nie?

³⁸ Kom sowel die goeie as die slegte
nie uit die mond
van die Allerhoogste nie?

³⁹ Hoe kan 'n mens wat lewe,
kla ondanks sy sonde?

↳ *NUN*

⁴⁰ * Laat ons ons handelswyse ondersoek
en toets,
en laat ons na die HERE terugkeer.

⁴¹ Laat ons ons harte

* **3:32-33** Eseg 33:11; Hand 14:22; 2 Kor 4:17; Heb 12:6,10-11

* **3:34-36** Ps 69:33-34; 140:13; Spr 17:15; Jes 59:15; Jer 22:3; Hab 1:13

* **3:37-38** Gen 1:1-31; Job 2:10; Ps 33:9; Jes 45:7; Am 3:6

* **3:40-41** Ps 28:2; 119:59; 139:23-24; Jes 55:7

saam met ons hande ophef
na God in die hemel.

⁴² * Ons het oortree; ons was opstandig.
U het ons nie vergewe nie.

o *SAMEK*

⁴³ * U het U met woede afgeskerm
en ons agtervolg;

U het genadeloos doodgemaak.

⁴⁴ * U het U afgeskerm met 'n wolk
waardeur geen gebed kan dring nie.

⁴⁵ * Uitvaagsels en vullis het U ons gemaak
onder die volke.

o *PE*

⁴⁶ * Al ons vyande het hulle mond vol
oor ons.

⁴⁷ * Angs en afgrond het ons lot geword,
verwoesting en ineenstorting.

⁴⁸ * Uit my oë vloei strome water
oor die ineenstorting
van die dogter van my volk.

y *AJIN*

⁴⁹ Sonder onderbreking, sonder einde,

* **3:42** 2 Kon 24:4; Neh 9:26; Ps 78:17; Jer 5:7-9; 14:20; Dan 9:5

* **3:43** Klaagl 2:2,17,21; Eseg 7:8-9; 8:18

* **3:44** Jes 58:4; Klaagl 3:8; Sag 7:13

* **3:45** Deut 28:37; Jer 24:9; Eseg 22:4; 1 Kor 4:13

* **3:46** Job 30:9-10; Ps 22:7-8,14; Klaagl 2:16

* **3:47** Jes 24:17-18; Jer 48:43-44

* **3:48-49** Ps 119:136; Jer 9:1,18; 14:17; Klaagl 1:16; 2:11,18

bly my trane loop,
50 *totdat die HERE uit die hemel neerkyk
en dit sien.

51 Hoe pynlik om al die dogters
van my stad so te sien!

‡ *TSADE*

52 *Verbete en sonder rede
het my vyande my soos 'n voël gejag.

53 *Hulle het my lewe in 'n opgaarput^u
uitgedoof en klippe op my gegooi.

54 *Die water het tot oor my kop gestyg
en ek het gedink ek is verlore.

‡ *KOF*

55 *Ek roep u naam, o HERE,
uit die diepste put.

56 *U het my stem gehoor.
Moet tog nie u ore sluit
vir my geroep om uitkoms nie.

57 *U het na my toe gekom
op die dag toe ek na U geroep het.
U het gesê: “Moenie bang wees nie.”

*3:50 Ps 80:15; 102:20-21; Jes 63:15

*3:52 Ps 11:1; 35:7,19; 124:7; Pred 9:12

*3:53 Jer 37:16; 38:6,9,10

^u3:53 **opgaarput:** 'n Groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekop is en waarin daar water of graan gestoor is.

*3:54 Ps 42:8; 69:2-3,16; 124:4-5; 144:7; Jona 2:3-5

*3:55 Ps 88:6; 130:1-2; Jona 2:2

*3:56 Job 34:28; Ps 55:2; 80:5

*3:57 Ps 145:19; Jes 41:10; Jer 30:10; Jak 4:8

7 *RESJ*

⁵⁸ *U, my Heer, het my regsak behartig;

U het my lewe gered.

⁵⁹ U, HERE, het die onreg

wat my aangedoen is, gesien;

lewer 'n regverdige uitspraak oor my.

⁶⁰ U het al hulle wraakgierigheid gesien,

al hulle planne vir my.

8 *SJIN*

⁶¹ *U het hulle uittarting gehoor, HERE,

al hulle planne teen my,

⁶² alles wat oor my teenstanders se lippe

kom,

en hulle geskinder oor my die hele dag.

⁶³ Of hulle sit en of hulle opstaan,

kyk tog, hulle spotlied gaan oor my.

9 *TAW*

⁶⁴ *U, o HERE, sal hulle volgens die werke

van hulle hande vergeld.

⁶⁵ U maak hulle harte onbeskaamd;

mag u vloek oor hulle kom!

⁶⁶ U sal hulle met woede vervolg

en hulle uitroei onder die hemel

van die HERE.

***3:58-60** Ps 43:1; 35:22-28; 119:154; Jer 11:19; 18:18; 50:34; 51:36

***3:61-63** Job 30:9; Ps 59:13; 69:12; 102:9; Klaagl 3:14; Sef 2:8

***3:64-66** Ps 28:4; 137:7-9; Jer 11:20; 51:6,24,56; Rom 2:6; 2 Tim 4:14; Op 20:12-13

4

Vierde treurlied: Sion se skuld en ondergang

⌘ *ALEF*

¹* Ag, hoe het die goud sy glans verloor,
die suiwer goud verdof;
die heilige edelstene lê rondgestrooi
op al die straathoeke.

⌚ *BET*

²* Die kosbare kinders van Sion,
hulle was hulle gewig in fyngoud werd;
ag, nou word hulle gereken as kleipotte,
maaksels van 'n pottebakker se hande!

⌛ *GIMEL*

³* Selfs jakkalse laat drink,
hulle soog hulle kleintjies;
die dogter van my volk het wreed geword,
soos volstruise in die woestyn.^v

⌜ *DALET*

⁴* Van dors kleef die tong van die suigeling
aan sy verhemelte^w vas;

* 4:1 Eseg 7:19-22; vgl Jer 6:27-30

* 4:2 Jes 30:13-14; Jer 19:1,11

* 4:3 Job 39:13-18

^v4:3 **woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

* 4:4 Ps 22:16; Klaagl 2:11-12

^w4:4 **verhemelte:** Die tong word geassosieer met spraak en die verhemelte met smaak.

kinders bedel brood,
maar niemand breek dit vir hulle nie.

⌈ *HE*

⁵* Hulle wat lekkernye geëet het,
vergaan in die strate;
hulle wat met skarlaken grootgeword het,
omhels nou ashope.

⌋ *WAW*

⁶* Die skuld van die dogter van my volk
was erger as die sondes van Sodom —
Sodom, wat in 'n oogwink vernietig is,
sonder menslike toedoen.

⌈ *ZAJIN*

⁷* Die vorste van Sion was helderder
as sneeu
en witter as melk;
hulle liggame was rooier as koraal,
hulle voorkoms soos lasuur.^x

⌈ *GET*

⁸ Hulle is nou swarter as roet
en word nie op straat herken nie;
hulle vel verskrompel
aan hulle gebeente,
dit is uitgedor soos hout.

* 4:5 Jer 6:2; Am 6:3-7

* 4:6 Gen 19:24-25; Jes 1:10; 3:9; Jer 23:14; Matt 10:15; Luk 10:12; 2 Pet 2:6; Jud
vs 7

* 4:7-8 Job 19:20; 30:30; Klaagl 1:6; 2:2,10

^x4:7 **lasuur**: Seldsame halfedelgesteente met vonkelende blou kleur, lapis lazuli.

⋮ *TET*

⁹* Hulle wat deur die swaard getref word,
is beter daaraan toe as hulle
wat deur hongersnood getref word,
ja, hulle wat wegkwyn,
wat ly vanweë die gebrek
aan opbrengs van die landerye.

⋮ *JOD*

¹⁰* Die hande van liefdevolle vroue
het hulle kinders gekook;
hulle het hulle voedsel geword
toe die dogter van Sion^y
ineengestort het.

⋮ *KAF*

¹¹* Die HERE het sy gramskap
laat uitwoed,
sy woede in felheid uitgestort;
Hy het 'n vuur in Sion aangesteek
wat haar fundamente vernietig het.

⋮ *LAMED*

¹²* Die konings van die aarde,
ook al die bewoners van die wêreld,
kon nie glo dat teenstanders en vyande
die poorte van Jerusalem

* **4:9** Lev 26:39; Jer 16:4; Eseg 24:23

* **4:10** Lev 26:29; Deut 28:53-57; 2 Kon 6:29; Jer 19:9; Klaagl 2:20; Eseg 5:10

^y**4:10 dogter van Sion:** In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

* **4:11** Deut 32:22; Jer 4:4; 7:20; 17:27; Klaagl 2:3-4

* **4:12** Deut 29:24; 2 Sam 5:6-8; Jer 21:13

sou binnedring nie.

2 *MEM*

¹³ *Dit was die gevolg van die sonde
van haar profete
en die skuld van haar priesters,
hulle wat die bloed van regverdiges
daar vergiet het.

3 *NUN*

¹⁴ *Blind het hulle deur die strate
gestrompel,
met bloed bevlek;
niemand kon aan hulle klere raak nie.

4 *SAMEK*

¹⁵ *"Gaan weg, •onreines!"
het die mense vir hulle geskreeu.
"Gaan weg! Gaan weg!
Moenie aanraak nie!"
Toe hulle op die vlug geslaan het,
ja, toe hulle onder die nasies
rondgeswerf het,
het die mense gesê:
"Hulle mag nie meer hier bly nie!"

5 *PE*

¹⁶ *Die HERE self het hulle verstrooi,
Hy sien nie meer na hulle om nie.

* 4:13 Jer 5:31; 6:13; Eseg 7:23; 22:1-5,28

* 4:14 Num 19:16; 35:33; Deut 28:28-29; Jes 59:9-10; Jer 2:34; 19:4; Sef 1:17

* 4:15 Lev 13:45-46

* 4:16 Jes 9:14; Jer 13:24; Klaagl 5:12; Eseg 36:19

Priesters word nie gerespekteer nie;
vir die oudstes^z is daar geen genade nie.

‡ *AJIN*

¹⁷ *Met oë wat dof raak,
het ons bly uitsien na hulp —
maar tevergeefs;
in ons wagtorings het ons bly uitkyk
vir 'n nasie — wat nie kan red nie.

‡ *TSADE*

¹⁸ *Ons kon nie 'n tree gee
sonder dat hulle op ons jag maak nie;
ons kon nie op straat verskyn nie.
Ons einde was naby, ons dae was getel;
ja, ons einde het aangebreek.

‡ *KOF*

¹⁹ *Ons agtervolgers was vinniger
as arende in die lug;
oor die berge het hulle op ons hakke gebly,
in die woestyn het hulle ons voorgelê.

‡ *RESJ*

²⁰ *Ons lewensasem,
die gesalfde van die HERE,
is in hulle valkuile gevang —

^z**4:16 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

* **4:17** Jer 37:7; Eseg 29:6-7

* **4:18** Eseg 7:2-12; 21:25,29; Am 8:2

* **4:19** Deut 28:49; Jer 4:13; Hab 1:8

* **4:20** Gen 2:7; 2 Kon 25:5-7; Eseg 12:13; 19:4,8

die een in wie se skadu ons gedink het
ons onder die nasies sou leef!

ז' *SJIN*

²¹ *Wees maar vrolik en bly,
dogter van Edom*
wat woon in die land Us;
ook aan jou sal die beker gegee word,
jy sal dronk word en jouself ontbloot.

ן *TAW*

²² Jou skuld is vereffen, dogter van Sion,*
Hy sal jou nie weer in ballingskap
laat gaan nie.
Vir jou skuld* sal Hy jou laat betaal,
dogter van Edom,
Hy gaan jou sonde blootlê.

5

Vyfde treurlied: Gebed om mededoë

¹ *Onthou, HERE, wat met ons gebeur het;
let op, en sien ons vernedering raak.

² *Ons erfenis is oorhandig aan vreemdes,
ons huise aan •vreemdelinge.

* 4:21 Jes 51:17; Jer 25:15; Eseg 35:15; Ob vs 10-16; Hab 2:15

* 4:21 Edom: Gen 36:18,43

* 4:22 Jou skuld ... Sion: Jes 40:2; Jer 33:7-8

* 4:22 Vir jou skuld: Ps 137:7; Eseg 25:12-14; Joël 3:19; Mal 1:4

* 5:1 Ps 74:18,22; 89:50-51

* 5:2 Ps 79:1; Jes 1:7; Sef 1:13

³ *Weeskinders het ons geword —
 ons is sonder 'n vader;
 ons moeders is soos weduwees.
⁴ *Ons betaal vir ons drinkwater;
 ons hout kom teen 'n prys.
⁵ *Ons agtervolgers blaas in ons nekke;
 ons is uitgeput, ons word nie rus gegun nie.
⁶ *Ons moes 'n verdrag sluit met^a Egipte,
 ook met Assirië,
 om met brood versadig te word.
⁷ *Ons vaders het gesondig;
 hulle is nie meer daar nie,
 maar ons dra hulle skuld.
⁸ *Slawe heers oor ons;
 niemand red ons uit hulle hand nie.
⁹ *In lewensgevaar verkry ons ons brood,
 weens die swaard in die woestyn.^b
¹⁰ *Ons vel gloei soos 'n oond;
 ons brand van honger.

*5:3 Jer 15:8; 18:21

*5:4 Jes 3:1; Eseg 4:16-17

*5:5 Neh 9:36-37

*5:6 Jer 2:18; Klaagl 4:17; Hos 5:13; 9:3; 12:1

^a5:6 **verdrag ... met:** Die •bronteks lui “ons het 'n hand gereik na”.

*5:7 Eks 20:5; Jer 16:11-12; 32:18; Eseg 18:2

*5:8 Spr 30:21-23; Pred 10:7; Jes 3:4

*5:9 Eseg 12:18-19

^b5:9 **woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

*5:10 Deut 32:24; Job 30:30; Klaagl 4:8

- ¹¹ *Vroue is in Sion verkrag,
jong meisies in die stede van Juda.
- ¹² *Vorste is aan hulle hande opgehang;
oudstes^c is met minagting behandel.
- ¹³ * Jong manne moet met meulstene werk;
jong seuns steier onder hout.^d
- ¹⁴ * Oudstes het uit die stadspoort verdwyn,
ook die jong manne se snarespel.
- ¹⁵ *Vreugde het verdwyn uit ons hart;
ons dans het in roubeklag verander.
- ¹⁶ *Die kroon het van ons kop
afgeval.
- Wee ons, want ons het gesondig.
- ¹⁷ *Hieroor het ons hart gebreek,
hieroor het ons oë dof geword:
¹⁸ oor die berg Sion verlate is,
oor jakkalse daar ronddwaal.
- ¹⁹ *U, HERE, U heers vir ewig.

***5:11** Jes 13:16; Sag 14:2

***5:12** Deut 28:50; 2 Kon 25:19-21; Klaagl 4:16

^c**5:12 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

***5:13** Vgl Rig 16:21

^d**5:13 moet ... hout:** Dit was slavinne se werk om meel te maal en hout te versamel.

***5:14** Jos 20:4; Spr 31:23; Jes 24:8; Jer 7:34

***5:15** Jer 25:10; Klaagl 1:4; Am 8:10

***5:16** Job 19:9; Ps 89:40; Jer 13:18

***5:17-18** Job 17:7; Ps 6:7; Jes 34:13-15; Jer 9:10

***5:19** Ps 9:8; 45:7; 102:13; 145:13; 146:10

U troon is van geslag tot geslag.

²⁰ *Waarom vergeet U ons vir altyd,
waarom verlaat U ons vir goed?

²¹ *Bring ons terug na U toe, HERE,
sodat ons kan terugkeer;

maak ons dae nuut soos voorheen,

²² *tensy U ons heeltemal verwerp het,

tensy u woede teen ons uitermate
groot is.

*5:20 Ps 13:2; Ps 44:25; Jes 64:12

*5:21 Ps 51:12; 80:3,7,19; Jer 31:18; Hos 6:1; Mal 3:7

*5:22 Ps 60:3; 77:10; Jes 64:9; Jer 6:30